Natuurwetenskappe en Tegnologie (**Verryking**)
**ONDERWERP 6 en 7**
GRAAD 5 TYD:1 uur

---

AFDELING A:

Vraag 1
Kies die korrekte woord in kolom B om by die stelling in kolom A te pas. Skryf slegs die letter en nommer wat bymekaar pas neer: (voorbeeld: 1.1 M)

| Kolom A: stelling | | Kolom B | |
|---|---|---|---|
| 1.1 | Iets wat maklik vervorm kan word. | A | buigsaam |
| 1.2 | Breek of krummel maklik. | B | bros |
| 1.3 | Kan vog en hoë hitte weerstaan. | C | sand |
| 1.4 | Vloeibare stof by kamertemperatuur. | D | smeebaar |
| | | E | keramiek |
| | | F | sag |
| | | G | kwik |

Vraag 2
Definieer die volgende terme volledig en in volsinne:

2.1 polimeer
2.2 allooi
2.3 plateer

Vraag 3
Kies die beste antwoorde uit die keuses (A-D) vir die volgende vrae.
Skryf slegs die letter van jou antwoord neer.

3.1 Metale wat goeie geleiers van hitte is:

A – koper en brons
B – koper en sink
C – staal en koper
D – aluminium en koper

3.2 Voorbeelde van magnetiese metale is:

A – yster en nikkel
B – koper en sink
C – tin en aluminium
D – goud en silwer

3.3 ‘n Eksperiment is gedoen deur ‘n plastiek-, ‘n hout- en ‘n metaallepel met botter op in ‘n houer met warm water te sit. Wat het hierdie eksperiment voorgestel?


A – metale en nie-metale
B – geleiding
C – magnetisme
D – roes


---

AFDELING B:

Vraag 1
Bestudeer die sketse (A en B) hieronder en beantwoord die vrae:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| DIAMANT | ROBYN | GRAFIET | SAFFIER | EMERALD |

A


B


1.1 Benoem die materiale by A en B. (Kies uit raampie)

1.2 Is die stof wat hierbo aangedui word ‘n metaal of nie-metaal?
1.3 Van watter element (stof) is hierdie 2 materiale afkomstig?

---

AFDELING C:


Vraag 1

Bestudeer die prente (A – D) van verwerkte materiale en beantwoord die vrae wat volg:

A



B



C




Skets A

1.1 Watter verwerkte materiaal word hier voorgestel?

1.2 Watter drie bestanddele moet met water gemeng word om die materiaal te maak?

1.3 Noem een eienskap van die materiaal wat dit nuttig maak vir bouers.

1.4 Watter metode van verwerking gebruik bouers as hulle hierdie materiaal gebruik in die boubedryf?

Skets B

1.5 Motors word geverf om dit ‘n mooi kleur te gee. Noem nog ‘n rede waarom motors se bakwerk geverf word.

Skets C

1.6 Noem twee eienskappe van plastiek wat dit nuttig maak vir die gebruik van kosblikke.

AFDELING D:

Vraag 1

Mnr. Rijk van Niekerk het onlangs verhuis. Hy woon nou 100 meter vanaf die see in ‘n enorme strandhuis in Mosselbaai. Die strandhuis is met ysterhekke en -heinings omring om indringers buite te hou. Hy is baie tevrede met sy nuwe huis, maar hy verstaan nie waar die rooibruin poeier wat op die heinings, fietskettings en ander metaalvoorwerpe verskyn het, vandaan kom nie.

1.1 Wat is hierdie rooibruin poeier op Mnr. van Niekerk se heinings?

1.2 Waarom het die poeier op die heinings gevorm? Noem twee dinge.

1.3 Hoekom is die poeier sleg vir die heinings?

1.4 Stel 4 maniere voor hoe Mnr. van Niekerk kan voorkom dat hierdie rooibruin poeier weer in die toekoms op enige metaalvoorwerp by sy huis verskyn.